

.....

GEDIGTE / POEMS

Joan Hambidge

The winner takes it all	185
Fool for love	186
Take a chance on me	187
Don't leave me this way	188

Johann Lodewyk Marais

Bosvark	189
Luiperd	189
Ratel	189
Eland	189

André Prins

Afsterwe	190
----------	-----

Steven Bresler

Buite slaap	191
-------------	-----

Peet van Schalkwyk

Charlotte	192
-----------	-----

Karen van den Bergh

How should I know?	193
By bus	194
Telephone	195
Amok	196
remembering my missus	197
A dead man	198

Robin Gallaher Branch

God withdraws	199
Death	200
Bathroom scale	200

H. le R. Slabbert

Kersverhaal	
1 josef-se-besluit	201
2 wagers	202
3 tablo	203
4 sonaanbidder	204

Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat 'n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van 'n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur 'n debutant en 'n tweede vir die beste bydrae deur 'n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daarvoor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. **Verstrek ook 'n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.**

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.**

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns

1. Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks, uit geld bewillig deur die Nasionale Kunsteraad, twee pryse toe vir die beste bydraes vir 'n kalenderjaar in die rubriek "Litera".
2. Hierdie pryse sal bekendstaan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.
3. Die waarde van die pryse hang af van die grootte van die toekenning deur die Nasionale Kunsteraad.
4. Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds 'n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie 'n bundel gepubliseer het nie (d.w.s. wat as debutante beskou word).
5. Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, en die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
6. Die Redaksie behou hom die reg voor om vir 'n spesifieke jaar of vir 'n spesifieke kategorie nie 'n prys toe te ken nie of om 'n prys onder verskillende skrywers te verdeel.
7. Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

Rules: Litera Prizes for Creative Writing

1. The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section "Litera" from money granted by the National Arts Council.
2. These prizes will be known as the Litera Prizes for Creative Writing.
3. The size of the prizes will depend on the grant received from the National Arts Council.
4. Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their *début*).
5. The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.
6. The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category or to divide a prize among different authors.
7. The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.

Litera-prys 2001

Die Redaksie van *Literator* kondig met genoeë aan dat die Litera-prys vir die beste bydraes vir 2001 toegeken is aan **Heilna du Plooy** as “gevestigde” digter vir haar gedig “Elegie” en aan **Winnie Rust** as “debutant” vir haar kortverhaal “Trek aan jou klere, Boeta”.

It is with pleasure that the Editorial Board of *Literator* announces that the Litera Prizes for the best contributions for 2001 have been awarded to **Heilna du Plooy** as “established” writer for her poem “Elegie” and to **Winnie Rust** as “debutant” for her short story “Trek aan jou klere, Boeta”.

The winner takes it all

Jy dans met haar
jou girl friend,
maar jy loer na my.
Ons het eenkeer vlugtig
ontmoet in 'n buitelugkafee
toe julle nog albei smeulend
van jagsheid was. Ek onthou
hoe jy gemor het oor jou eks
julle stalk met laatnagoproepe en verwyte.
Nou's sy weg. Die dinamo van julle verhouding.
Sy het geluk gevind by 'n man nogal.
Julle is opgeskeep met mekaar.
Julle dans op Abba met 'n fantasie
van 'n ander verhouding in die kop.
Jy wag dat ek 'n move maak – sodat
jou huidige girl friend die eks
word sodat ons weer op ons beurt
sal dans op “The winner takes it all”
wagtend op 'n nuwe een wat oorneem:
altyd op soek na iets beters,
meer opwindend, uitdagend ...
Jy gaan lank wag. Ek ken die spel.

Fool for love

Ewigdurend op soek
na liefde
vervulling
geluk.
Immer ontwykend
die fata morgana
van die groot
oorrompelende
O.
Gekierang
deur mites
voorstellings
sit die muurblomme
en toekyk
terwyl die DJ hul drome,
hul snakkende begeertes, soos op
“forces favourites” laat draai:
“I have a dream”,
“Take a chance on me”,
“Gimme, Gimme, Gimme”,
“Waterloo”,
“On and on and on.”
San het vir An
gelos vir Marie
van Sarie, indertyd
die girl friend
van jy-weet-wie.
Maar sy wat die solo-dans
op “Thank your for the music” uitvoer
ja, sy, net sy
ken die “Name of the game”
weg van op soek wees, ewigdurend.

Take a chance on me

Kyk, my hart is al vele kere gebreek
en van ware liefde weet ek als.
Hoe durend beloftes en veral begeerte
is, my lam. Daar is inderdaad niks
soos ware liefde, so durend en so mooi.
Daar is inderdaad net begeerte, begeerte
en wedersyde begeerte ...
So nadat jy jou begeerte verloor het
(een verloor dit altyd eerste), is dit weer
dieselfde proses van voor. So moenie
huil nie, moenie treur nie. Die gay girls
kom weer. Kom, drink jou drink
en weet: binnekort is jou lover
weer op straat en jy in iemand anders
se bed of hart. Met iets op die hart,
iets om te vertel. Die aantreklikheid
van 'n wond, 'n litteken. En ja sy verstaan
tog beter. Hoe kon jy dink sy sou begryp?
Daar is niks soos ware liefde, o daar is niks.

Don't leave me this way

As jy weggaan,
moet jy niks agterlaat nie:
nie jou maskara,
handerom,
of sonbril.

Jy moet my volledig verlaat.
Ek soek geen herinnering
soos 'n boekmerk in 'n halfgelese roman
of 'n vingerafdruk op 'n ruit.

Jy moet gaan
asof jy nooit daar was nie.
So as ons mekaar weer sien
(jy met 'n nuwe minnares of man)
moet ons soos ónbekendes groet:

ek wil jou van nuuts takseer,
my blik op jou gooi
en wonder
of jy hou van 'n "one night-stand"?

Maak jy jou mooi oë toe
of kyk jy na jou minnares
se borste, naeltjie en dye?
Slaap jy knus in haar arms?

Al hierdie bespiegeling, vrae
is oorbodig, lieflingskat.
Kom ons vergeet van gister
en veral van more ...

Kom ons raak weer
vir 'n oomblik handgemeen
en laat ons tonge flits
in hierdie hartstogspel
van ontmoeting-ontdekking

en ten slotte: onttrekking.

Bosvark

Potamochoerus porcus

Die son het al agter die horison
gesak en weerlig speel om die bome.
Ná die dag in die droë veld braai ons
die bosvark wat ons vroeër geskiet het
en soos die as wit van die kole val,
word die storieverteller langsaam stil.

Luiperd

Panthera pardus

Die wandade van die luiperd weerklink
op die Drakensberge waar hy snags hink,
deur adelaarsvarings sluip, die karkas
gryp en in 'n slagyster lê en stink.

Ratel

Mellivora capensis

Ná al sy gromgeluide en draaie
was die uitklop van die rateltaaie
regtig nie te moeilik nie – ek skaam my
daarvoor tussen hierdie boek se blaaie.

Eland

Taurotragsu oryx

'n Kunstenaar het op klip gewerk
teen dié krans waar die bruin eland draf.

Ek bly versteen staan en kyk soos een
wat om die dood nie wil omblaai nie.

Afsterwe

waar ek gaan
sal jy altyd saamgaan
ek sal jou standbeelde oprig
op die pleine van my herinneringe –
'n huldeblyk aan jou

Jou beeld sal ek hys soos vlae
aan my skepe se maste
wat jou saam oor al my oseane heen dra
jou siel is my seile
gespan in die wind van jou woorde
waar ek my ankers gooi
sal ek elke dag jou grafstene oprig –
ter nagedagtenis aan jou
want elke dag sterf jou
heilige hande
jou lugtige oë
jou mond se lippe en lag
'n bietjie meer ...

eendag sal ek eerbiedig
en stil voor jou staan
'n gebed vir jou doen
blomme op jou graf sit
en miskien ophou huil

Buite slaap

Die nag het by my
kom inkruip
op die stoep my omarm
styf vasgehou
en later die sterrekerse een vir een
uitgedoof toe die maan oor die berg
sagte strale sprei oor die werf

Met elke omrol sluimer-wakker
van sy omhelsing bewus
die nagbries
se asem vertroostend teen my nek
tot by eerste skimmellig die sagte reën
my wek met klam kusse oor my wange heen

Charlotte

Toe die kiewiete roep
in die nag,
het ek gewonder wat is jou naam.
Ek het gesmag
na jou, as die nagwind waai.
Vreemd en ver was jy.

Toe die lentebloeisels val, was jy
by my in my drome, het ek
jou gesien, van ver, het ek
gewonder hoe jy lyk,
het ek verlang na jou.

Die lelies in die vlei
het geblom, die rietsanger
het weggekruip, jy was ver – ek
het gewonder waar jy is,
het gedroom van jou.

Die ruite is gewasem –
waar is jy? Dit reën buite.
Droewig loei die wind.
Benoud was ek, dis koud.
Wanneer kom jy? Gaan ek
jou ooit vind?

Uitbundig kwetter die vinke –
ek het jou gesien, ver tussen
ander, ek weet dis jy
na wie ek verlang, soek.
Jou oë het geskitter,
jy het geglimlag, maar jy
het my nie gesien nie.

Die bokkies huppel oor
die blomme.
Toe ek opkyk, was jy by my.
Ek ken jou naam,
weet hoe jy lyk.
Die mossies
maak nes in die somer.

How should I know?

How should I know
I can't give you all the answers either
Not once and for all
Of course, one can expect me
To take a position
Minorities and all that crap
I am not unsympathetic
I am even prepared to say
Whatever I can say
Taking into consideration my position
But only after I have dealt with
My next attack of angina

I could make a statement about the current situation
In the Western Cape or on the moon
I do have an ideology
A train ticket
And functioning bowels
And a problem
Every day I say Good morning!
Because I am concerned about the next moment
Will I go on with my survival tactics
And enter the afternoon a victor?

I continue to poison myself
During the next twentyfour hours
As we all do while the gamma rays rain down on us
And the smog embraces Table Mountain
I would like to wash my kidneys and my brain
Politically integrated in some mass movement
And present at one place or another
I have no doubts about my unique way of thinking
While I am alone everywhere
Extremely individualistic
In the deadly centre of my private life

But that is my affair, OK?
So keep out!

By bus

Open your ears
Opinion poll amongst the commuters
Sociology of the early morning
The re-introduction of the death penalty
Murder in the alley and the Americans

House children family and the Springbocks
Measurements in centimeter or inches
Size does count and so does money
Sixpence and tickies survive
On the Wynberg route

Colonial cottages between supermarkets
Rain glistening on obscenely green leaves
Rain drops on the windows make the streets
Break up into magnified dots of colour

Half asleep I am thinking about
Light from the mountain top
Slashing the dark grey cloud
While the bus stops every few minutes
To squeeze in a few more passengers

The question as to how many times
A man can do it in one night
Jou ma se poes!

The smell of freshly peeled oranges
And sweat, hair in curlers
And the overpowering smell of
The phantasies of teenagers

It is always the same thing
And in the end you arrive
At the office

Telephone

Here you are
with your fucking white face
I look after you
and I clean you every day
and you shine and twinkle
right in the centre of the room
I have placed you
on top of my writing desk
and I pay the dues
every month
so that you are not deprived
of anything
and you
with your fucking white face
what do you do
you white sphinx
you have been silent now
for years and years

Amok

Africa on my brain
running amok
through the streets of Wynberg
my soft brain
this sun
naked of any meaning.

I join a procession
of bergies
we empty
the bottles.

One of these whores
strokes the legs
of her wooden chair
until it gets an erection.

Africa on my brain
I collapse in front of Dion's
My nose bleeding.

The doctor is looking
into my eyes
as if he wants to make love.

He takes the cigarette out of my mouth
and orders me to say: "Aah!"

Aah!

remembering my missus

i live in my body
milk and sweat in my nose
i know, how whores smell
in the morning
and madonnas
when awakening
to the tides of their blood

my brain is poaching
other peoples' stories
i know
my missus thinks,
she has been fertilized
by his seed
as it entered soundlessly
into her womb
the night before
but one day
the blond nape
of a white missus
lies on pillows of dark blood
her skull smells
of past stupidity

the sun rages in my hair
as i drill two toes of my dirty left foot
into the ear of her unlikely story
where she lies
and sleeps on the edges
of happiness and first love

A dead man

A dead man
who was old enough
to be dead quietly
with a nose
which wants to be right
every time

a dead man lies here
between the candles
there he lies
on the shroud
and has a fat belly
this guy
who is dead now
and they carry him
along Main Street
so that all can see him

and I see him too
he is beautifully dead

God withdraws

God withdraws from a clamoured life

Quietly

Like a gentleman

Giving his excuses to his hostess

Busy with other guests and duties

She glances in acknowledgement

Vaguely

Realizing the party's glamour suddenly dimmed

Voices jar off key

Glasses clink and crack

Dirty plates litter

Tiredness overwhelms her

Slowly

These intruders in the party of her life

Take their leave

And leave her cluttered

Depleted, drained, discouraged

Inexpressibly

Lonely for the One who matters most

She remembers he whispered

Kindly

I'll return when I'm your first priority

Death

Death intrudes, interrupts

Marching to its own cadence
Death steamrolls

Never courteous,
Never humane, death conquers

Death steals, violently snatching life
Ungraciously pre-empting existing order

Death stops for no one

Arbitrary as a striking tornado,
It whirls, grips, pummels, strangles

Mercilessly punishing rich and poor, child and adult, man and woman alike
For living

Bathroom scale

No friend to me,
You tiny white square
Harbinger of truth
Merciless counter of indulgent excess

Your marker stares back at me
Judging a time without exercise
Proving a propensity for chocolate
Testifying to gourmand hips
Decreeing a diet

Tomorrow

Kersverhaal

1 josef-se-besluit

Wat sou die man
tog besiel het: dié besluit
só laat geneem
en sy verloofde
tengerig, en al nege maande heen

Om pad te vat na die dawidstad
– was hy te besig
en met wát?
hy moes tog weet
van 'n swanger vrou
dié wewenaar
wat weer jonk sou trou

of was die boodskap van die engel
dof, en hy onverskillig
oor die afstand op 'n mitologiese
esel (die vul van 'n eselin)
hy nie ingelig oor die nuwe begin

'n proefkonyn wat tog sou weet
van semelstof in die houtwerk –
sweet in die kamer,
die pyn in juda se woestyn:

hoekom dan nie gereël
in Bethlehem vir beter ontvangs

was hy régtig dom –
het ook hy gedink
die Messias sou nie
úit nasaret kom

2 **wagters**

(soos op die môre)

ag, meneer, ek het maar
soos altyd gewag, u weet:
die skape so dom, en op trop,
en die jakkalse wat fop
en ek, die jongste, skytbang
dat hulle selfs my kan vang

en toe: die blink gesigte
net hiér, en hier agter die bos;
god, meneer, ons almal wit
soos die skape se wol, wou bid
en bene wou hol toe 'n stem sê:

wag, wees nie bevrees –
Ek sal by julle wees

En die nag, dit sýng toe,
ek sê die nag, want my oë
was toe, dog dis toordery,
en die manne het nie kwaai
gedrink nie, ek sweer

meneer, ek sal nooit vergeet
wie se kop sal nie draai
as vir 'n hele halfuur lank, só

die skape op hulle agterpote:
ek kán, en móés toe glo

3 **tablo**

ek's laat vir die diens
en die karre staan
soos gepak vir nagmaal

'n ou ouderling by die hek
sê daar's nog plek
vir een
en my blink sportmotor
stamp ek teen 'n steen

die lugversorging
is swak
die pieperige dominee
in 'n ouderwetse pak
met bef
lees 'n oorbekende verhaal

drie kinderlike herders
met kopdoek en staf
skrik nie eers toe die engel
aan die gemeente verskyn

onder gebed
sluip drie ouer ouderlinge
terug na hul bank

'n gewyde auntie
doen die bedankings;
daar's tee en koek
in die saal
en rosyntjie-brood

ou mieta en klaas
op die grasperk
(onse hy oppas die plek)
terwyl tandelose mieta
'n paar senings
van 'n paar ou bene trek

4 **sonaanbidder**

(koor: 'n sonstraal, 'n sonstraal,
o, laat my 'n sondaar steeds wees)

nee, ek moet eerlik wees:
daar is dinge van die Groot-grootgees
wat selfs ek nie verstaan

noem maar op: nou die maan,
hoe die hol ding daar bly hang
is teologies nie te verklaar

dog elke hoek van die aarde
het tog sy pilaar, dis waar

en die sterre aan 'n garedraad,
vir my is dit te groot,
en jona in die galjoen se pens:
boetie, jy slaan my dood

nou: die son – dié ken ek,
elke smore kom hy op
in die aand weer in sy dop

dis máklik, soos
onder die vyeblaar sit
so poedelkaal in die outransvaal

en nét die olie
om my te beskerm
teen armegeddon-se-gekerm

en die finále oordeel
van die sol invictus

*

wat alweer hier teen kersfees
in my onderbewuste kom spook